Maandbrief

Januarie 2010

Liewe gemeente

Ken julle die storie van "Alice in Wonderland". In die storie op 'n stadium kom sy by 'n kruispad aan, waar sy 'n keuse moet maak oor watter een van die twee paaie sy moet neem. Wanneer sy gevra word waarheen sy wou gaan en sy antwoord dat sy nie weet nie, word sy geantwoord dat dit dan nie saak maak watter een van die twee paaie sy kies nie.

Vir mense wat nie weet waarheen hulle op pad is nie, maak dit nie regtig saak watter paaie hulle by die kruispaaie op hulle lewensweg neem nie, want hulle was mos in elk geval nie na 'n spesifieke bestemming op pad nie. Vir mense wat weet waarheen hulle op pad is, wat hulle wil bereik en wat hulle uit die lewe uit wil haal en daarin terugploeg, is die keuses wat hulle maak besonder belangrik. Koos du Plessis sing 'n liedjie met die naam "gebed". In die liedjie sing hy "elke afdraaipaadjie ken ek, elke keer het ek verdwaal" Dit is baie se gebed ook: Here maak dit die laaste keer dat ek ook afdwaal of verdwaal.

Jakobus herinner ons daaraan dat ons nie weet hoe môre vir ons gaan wees nie en moedig ons aan om te bid vir wysheid. Dit, sê hy, gee God aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. Die wysheid sê hy is sonder bybedoelings, vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig en opreg. Hierdie wysheid bring ons in die regte verhouding met God en ons moet dit gebruik om vrede te maak. Die boodskap stel dit so: maar as 'n mens leef soos God dit in sy wysheid bedoel het, sal jou lewe heeltemal anders lyk… So iemand sal in vrede met ander mense saamleef, hy trap nie op ander nie, maar neem hul gevoelens in ag, so 'n persoon is ook nie dwarstrekkerig en moeilik om mee saam te werk nie, hy vergewe ander maklik en doen graag dinge vir ander sonder om iets terug te verwag, wat hy doen, sal altyd net goed vir ander wees. Hy sal nie op onregverdige manier kant kies nie. Jy sal altyd weet waar jy met hom staan. Soos hy voor jou is, so is hy ook agter jou rug.

Dit is waarna ons vir die nuwe jaar kan streef. Ons weet nie hoe die paaie wat ons vanjaar gaan bewandel lyk nie, maar ons weet dat God elke tree met ons saam gaan. God gee visie en woema vir die nuwe jaar. Mag jy daarin slaag om met wysheid te leef en by al jou kruispaaie die regte koers in te slaan. En mag vrede jou met elke tree soos 'n skaduwee volg.

Voorspoedige nuwe jaar vir almal namens die Van Rensburgs.

Being positive

A blind boy sat on the steps of a building with a hat by his feet. He held up a sign which said: "I am blind, please help." There were only a few coins in the hat.

A man was walking by. He took a few coins from his pocket and dropped them into the hat. He then took the sign, turned it around, and wrote some words. He put the sign back so that everyone who walked by would see the new words.

Soon the hat began to fill up. A lot more people were giving money to the blind boy. That afternoon the man who had changed the sign came to see how things were. The boy recognized his footsteps and asked, "Were you the one who changed my sign this morning? What did you write?"

The man said, "I only wrote the truth. I said what you said but in a different way."
I wrote: "Today is a beautiful day but I cannot see it."

Both signs told people that the boy was blind. But the first sign simply said the boy was blind. The second sign told people that they were so lucky that they were not blind. Should we be surprised that the second sign was more effective?

<u>Moral of the Story:</u>
Be thankful for what you have.
Be creative.
Be innovative.
Think differently and positively.

When life gives you a 100 reasons to cry, show life that you have 1000 reasons to smile. Face your past without regret. Handle your present with confidence. Prepare for the future without fear. Keep the faith and drop the fear.

The most beautiful thing is to see a person smiling.
And even more beautiful is, knowing that you are the reason behind it!!!

Hierdie jaar gaan ons die hande en voete van Jesus wees, in ons gemeenskap. 'n Gemeente met 'n hart om te dien.

Moenienetkerktoegaan nie
wees diekerk.

"God's liefde in aksie".

Onthou jou geheime vriendin,

Maak 2010 vir haar spesiaal.

Kinderkerk

Die kinderkerk open weer op Sondag, 17 Januarie.

Bring asb. u kinders van die begin af. Hierdie jaar, is 'n jaar VOL verwagting vir almal en by die kinderkerk gaan ons volstoom besig wees om hierdie jaar "GREAT" te maak.

Dagboek:

Januarie2010

Sondag, 3 Januarie	Nagmaal
Woensdag, 13 Januarie	Skole open
Sondag, 17 Januarie	Kinderkerk open